BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Woensdag 20 Februarie 1980 — WINDHOEK — Wednesday 20 February 1980 — No. 4089

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. AG. 12 Oordrag van Bevoegdhede Ingevolge die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) en Ingevolge die Regulasies Afgekondig by Goewermentskennisgewings R.1277 en R.1278 van 23 Julie 1971 en Ingevolge die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet 28 van 1966) — 1

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. AG. 12 Delegation of Powers Under the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), and Under the Regulations Promulgated by Government Notices R.1277 and R.1278 of 23 July 1971 and Under the Agricultural Credit Act, 1966 (Act 28 of 1966) — 1

## Goewermentskennisgewing

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 12 — 1980

OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE INGEVOLGE DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956) EN INGEVOLGE DIE REGULASIES AFGEKONDIG BY GOEWERMENTSKENNISGEWINGS R.1277 EN R.1278 VAN 23 JULIE 1971 EN INGEVOLGE DIE WET OP LANDBOUKREDIET, 1966 (WET 28 VAN 1966)

Kragtens die bevoegdhede my verleen by artikel 165 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), saamgelees met Proklamasie AG. 3 van 1977 en die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet 28 van 1966) —

(a) dra ek hierby 'n bevoegdheid in kolom 1 van die Bylae genoem, oor aan die beamptes van die Direktoraat van Waterwese wat in die Bylae teenoor daardie bevoegdheid in kolom 2 genoem word;

(b) herroep ek hierby Goewermentskennisgewing 1310 van 30 Julie 1976.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal

Windhoek, 12 Februarie 1980

## Government Notice

OFFICE OF THE
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 12 — 1980

DELEGATION OF POWERS UNDER THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AND UNDER THE REGULATIONS PROMULGATED BY GOVERNMENT NOTICES R.1277 AND R.1278 OF 23 JULY 1971 AND UNDER THE AGRICULTURAL CREDIT ACT, 1966 (ACT 28 OF 1966)

Under and by virtue of the powers vested in me by section 165 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956) read together with Proclamation AG. 3 of 1977 and the Agricultural Credit Act, 1966 (Act 28 of 1966) —

(a) I hereby delegate a power as set out in column 1 of the Schedule to the officials of the Directorate of Water Affairs which are mentioned in column 2 of the Schedule next to the particular power;

(b) I repeal hereby Government Notice Nr. 1310 of 30 July 1976.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General

Windhoek, 12 Februarie 1980

| BYLAE | | SCHEDULE | |
|---|---|---|---|
| Kolom 1 | Kolom 2 | Column 1 | Column 2 |
| *Bevoegdhede verleen deur Waterwet, 1956,* | | *Powers vested by Water Act, 1956* | |
| Artikel 3(2) | | Section 3(2) | |
| Die aanstelling van alle werknemers in genoemde artikel bedoel. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | Appointment of all employees referred to in the said section. | Director<br>Deputy Director |
| Artikel 5(2) | | Section 5(2) | |
| Die uitreiking van 'n permit aan 'n eienaar van grond om ondergrondse water vir eie gebruik te vervoer oor die grense van die eiendom waarop dit aangetref word, of om dit te verkoop, te gee of andersins van die hand te sit, mits daar 'n vaste beleid deur die Administrateur-generaal bepaal en goedgekeur is, waarvolgens aansoeke hanteer kan word. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris | Issue of a permit to an owner of land to convey subterranean water for his own use beyond the boundaries of the land on which such water is found, or to sell, give or otherwise dispose thereof, provided a firm policy for dealing with applications has been determined and approved by the Administrator-General. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |
| Artikel 21(5) | | Section 21(5) | |
| Die uitreiking van 'n permit aan enige persoon of gebruiker om vrystelling van voldoening aan die bepalings van artikel 21(1) en (2) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) vir die storting van nywerheids- en afloopwater. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | Issue of a permit to any person or user exempting him from compliance with the provisions of sections 21(1) and (2) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956) for the disposal of industrial water and effluents. | Director<br>Deputy Director |
| Artikel 22(1) | | Section 22(1) | |
| Die uitreiking van 'n permit aan 'n plaaslike bestuur om rioolvuil waaroor hy mag beskik, te gebruik vir enige doel of sodanige afloop vir gebruik deur enige persoon beskikbaar te stel, of sodanige afloop in 'n openbare stroom in te keer. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | Issue of a permit to a local authority to use effluent for any purpose or dispose of effluent for use by any person or discharge effluent into a public stream. | Director<br>Deputy Director |
| Artikel 22(2) | | Section 22(2) | |
| Die uitreiking van 'n permit aan 'n plaaslike bestuur om vrystelling van voldoening aan die bepalings van artikel 21 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) vir die storting van rioolvuil. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | Issue of a permit to a local authority exempting such local authority from compliance with the provisions of section 21 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956) for the disposal of sewage. | Director<br>Deputy Director |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Artikel 30(2A)(a) | | Section 30(2A)(a) | |
| Die ondertekening van kennisgewings aan die eienaars van private waterwerke wat geleë is binne 'n ondergrondsewaterbeheergebied of binne enige bepaalde deel van 'n ondergrondsewaterbeheergebied, nadat goedkeuring deur die Administrateur-generaal verleen is vir die bou of oprigting van addisionele werke of die aanbring van herstelwerk of veranderings aan bedoelde waterwerke. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | Signing of notices to the owners of privately owned water works situated within a subterranean water control area or within any particular portion of a subterranean water control area, after approval has been granted by the Administrator-General for the construction or erection of additional works or for the making of repairs or adjustments to such water works. | Director<br>Deputy Director |
| Artikel 30(5)(a) | | Section 30(5)(a) | |
| Die uitreiking van 'n permit aan 'n eienaar van grond om ondergrondse water vir eie gebruik te vervoer oor die grense van die eiendom waarop dit aangetref word, of om dit te verkoop, te gee of andersins van die hand te sit, mits daar 'n vaste beleid deur die Administrateur-generaal bepaal en goedgekeur is, waarvolgens aansoeke hanteer kan word. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris | Issue of a permit to an owner of land to convey subterranean water for his own use beyond the boundaries of the land on which such water is found, or to sell, give or otherwise dispose thereof, provided a firm policy for dealing with applications has been determined and approved by the Administrator-General. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |
| Artikel 30(5)(b) | | Section 30(5)(b) | |
| Die uitreiking van 'n permit aan die eienaar van 'n myn waar mynbouwerksaamhede wettiglik gedryf word om enige water wat ondergronds in die myngebied aangetref word, te gebruik, te verkoop, te gee, te verruil of andersins daaroor te beskik. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | Issue of a permit to the owner of a mine on which mining operations are being lawfully carried out to sell, use, give, exchange or otherwise dispose of any water found underground and removed from such mine. | Director<br>Deputy Director |
| Artikel 30 A | | Section 30 A | |
| Die verskaffing van water wat onttrek word uit 'n boorgat deur die Regering gemaak, of wat deur die Regering onttrek of verkry word uit enige ander ondergrondse bron, aan iemand vir gebruik op enige grond, mits die betrokke skema deur die Administrateur-generaal goedgekeur is. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris | Supply of water abstracted from a borehole sunk by the Government or abstracted or obtained by the Government from any other subterranean source to any person for use on any land, provided the scheme concerned has been approved by the Administrator-General. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Artikel 56(3) | | Section 56(3) | |
| Die verskaffing van water uit staatswaterwerke vir alle doeleindes | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris | Supply of water from Government water works for all purposes. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |
| Artikel 56(6) | | Section 56(5) | |
| Die verlening van verlof tot toegang tot enige staatswaterwerk en enige gebied wat weens die bou van 'n staatswaterwerk oorstroom is en tot die neem van water in so 'n gebied, volgens regulasies deur die Administrateur-generaal gemaak en ingevolge artikel 70 van die Wet afgekondig. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | Granting of permission to enter any Government water work and any area submerged as a result of the construction of a Government water work and to abstract water in such area, in terms of regulations made by the Administrator-General and promulgated under section 70 of the Act. | Director<br>Deputy Director |
| Artikel 56(6) | | Section 56(6) | |
| Die uitoefening van beheer oor 'n pad wat vir of in verband met ' n staatswaterwerk aangelê is en oor die gebruik daarvan en die reëling van verkeer daarop, indien sodanige beheer nie deur 'n plaaslike bestuur of ander soortgelyke instelling aanvaar is nie, maar nie die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig en strawwe voor te skryf nie. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | Exercise of control over a road constructed for or in connection with a Government water work and over the use of such road and the regulation of traffic thereon if such control has not been assumed by any local authority or other like institution, but not the power to make any regulations and to prescribe penalties. | Director<br>Deputy Director |
| Artikel 66(2) | | Section 66(2) | |
| Die staking in die voorsiening van water uit 'n staatswaterwerk aan grond ten opsigte waarvan daardie water voorsien word of na gelang van die geval, aan die persoon wat van water voorsien word, totdat alle belastings of vorderings wat ingevolge artikel 66(1) van die Wet gehef is tesame met rente daarop, wat nie binne 30 dae na die vervaldag van 'n gelewerde rekening betaal is nie, vereffen word. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | The stopping of the supply of water from a Government water work to land in respect of which such water is supplied or, as the case may be, to the person who is being supplied with water until all rates or charges assessed in terms of section 66(1) of the Act, together with interest thereon, which have not been paid within 30 days from the due date of a rendered account, are paid. | Director<br>Deputy Director |
| Artikel 162 | | Section 162 | |
| (i) Goedkeuring van subsidies op waterwerke | Direkteur<br>Adjunk-direkteur | (i) Approval of subsidies on water works | Director<br>Deputy Director |
| (ii) Goedkeuring van subsidies op bykomende werke op boorgate volgens regulasies deur die Administrateur-generaal gemaak en inge- | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris<br>Beheer-administratiewe Beampte | (ii) Approval of subsidies on additional works on boreholes in terms of regulations made by the Administrator-General and | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary<br>Control Administrative Officer |

volge artikel 164 van die Wet afgekondig.

Artikel 166

| | |
|---|---|
| Die verlening van magtiging om grond te betree. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris |

*Bevoegdhede verleen deur Regulasies kragtens artikel 180(3) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1277 van 23 Julie 1971*

| Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|
| Regulasie 16 | |
| Die uitreiking van 'n permit vir die uitneem, opdamming, opgaring, vervoer of gebruik van water in 'n openbare stroom en vir die bou, verandering of vergroting van 'n waterwerk vir sodanige uitneem, opdamming, opgaring, vervoer of gebruik van openbare water mits 'n vaste beleid deur die Administrateur-generaal bepaal en goedgekeur is waarvolgens aansoeke hanteer kan word. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris |
| Regulasie 20(b) | |
| Die voorskryf van vereistes met betrekking tot die tydelike vermeerdering of vermindering van die hoeveelheid water wat gedurende enige tydperk deur enige persoon gebruik mag word, wanneer omstandighede dit regverdig of vereis. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur |
| Regulasie 20(c) | |
| Die voorskryf van vereistes met betrekking tot die meet en reëling van water wat deur middel van 'n waterwerk uitgeneem of vervoer word, of wat daaroor vloei. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur |
| Regulasie 22 | |
| Die uitreiking van 'n skriftelike lasbrief aan 'n persoon wat geregtig is op die gebruik van water kragtens regulasie 15 of kragtens 'n permit, om veranderings of herstelwerk aan die betrokke waterwerk aan te bring of bykomende waterwerk | Direkteur<br>Adjunk-direkteur |

promulgated in terms of section 164 of the Act.

Section 166

| | |
|---|---|
| Granting of authority to enter upon land. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |

*Powers vested by Regulations in terms of section 180(3) of the Water Act, 1956, (Act 54 of 1956), as promulgated by Government Notice R.1277, dated 23 July 1971.*

| Column 1 | Column 2 |
|---|---|
| Regulation 16 | |
| Issue of a permit for the abstraction, impounding, storage, conveyance or use of water in a public stream and for the construction, alteration or enlargement of any water work for such abstraction, impounding, storage, conveyance or use of public water, provided a firm policy for dealing with applications has been determined and approved by the Administrator-General. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |
| Regulation 20(b) | |
| Laying down of requirements as to the temporary increase or reduction of the quantity of water which may during any period be used by any person, when the circumstances justify or require it to be done. | Director<br>Deputy Director |
| Regulation 20(c) | |
| Laying down of requirements as to the measurement and regulation of water abstracted or conveyed by or flowing over a water work. | Director<br>Deputy Director |
| Regulation 22 | |
| Issue of a written direction to a person entitled to the use of water in terms of regulation 15 or in terms of a permit to effect alterations or repairs to the water work concerned or to construct additional water works if the water so ab- | Director<br>Deputy Director |

| | |
|---|---|
| aan te bou, indien water wat daarkragtens uitgehaal, opgedam, opgegaar, vervoer of gebruik word, nie voordelig gebruik word nie, maar nie die intrekking van 'n reg verleen by regulasie 15, of van 'n permit nie. | |
| Regulasie 23 | |
| Die uitreiking van 'n lasgewing aan die eienaar of 'n gebruiker van 'n waterwerk om, indien dit vir 'n billike verdeling van water in die openbare belang nodig geag word, veranderings of herstelwerk daaraan aan te bring of bykomende waterwerke aan te bou, of om die veranderings of herstelwerk na skriftelike kennisgewing aan die eienaar of gebruiker deur die Direktoraat te laat aanbring. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur |
| Regulasie 24 | |
| Die verlenging van die tydperk van drie jaar met hoogstens twaalf maande, waarbinne die aanbou, verandering of vergroting van 'n waterwerk op gesag van 'n permit kragtens regulasie 16 voltooi moet word. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris |
| Regulasie 26 | |
| Die heffing van vorderings vir water uit 'n openbare stroom of 'n boorgat in die bedding daarvan uitgeneem, voorsien of gedistribueer en die vorderings verhaal op die persone wat geregtig is op die gebruik van sodanige water. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur |

*Bevoegdhede verleen deur Regulasies kragtens artikel 30(2) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1278 van 23 Julie 1971.*

| Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|
| Regulasie 5 | |
| Die uitreiking van 'n permit om 'n boorgat, put of fontein te maak, te vergroot, dieper te maak, te verander, oop te maak of skoon te maak, 'n bepaalde hoeveelheid water daaruit te onttrek en te gebruik, mits daar | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Onder-sekretaris |

| | |
|---|---|
| stracted, impounded, stored, conveyed or used is not used beneficially, but not the cancellation of any right conferred by regulation 15 or of a permit. | |
| Regulation 23 | |
| Issue of a direction to an owner or user of a water work, if it is deemed necessary for an equitable division of water in the public interest to effect alterations or repairs to such water work or to construct additional water works or to cause the alterations or repairs, after written notice to the owner or user, to be effected through the Directorate. | Director<br>Deputy Director |
| Regulation 24 | |
| Extension of the period of three years by a maximum of 12 months, during which the construction, alteration or enlargement of a water work on the authority of a permit issued under regulation 16, must be completed. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |
| Regulation 26 | |
| Access charges for water abstracted, supplied or distributed from a public stram or borehole in the bed of a public stream and recover such charges from the persons entitled to the use of such water. | Director<br>Deputy Director |

*Powers vested by Regulations in terms of section 30(2) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as promulgated by Government Notice R.1278, dated 23 July 1971.*

| Column 1 | Column 2 |
|---|---|
| Regulation 5 | |
| Issue of a permit to sink, enlarge, deepen, alter, open up or clean any borehole, well or spring or to abstract therefrom and use a specific quantity of water, provided a firm policy for the subterranean water con- | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |

| | | | |
|---|---|---|---|
| vir die betrokke ondergrondse waterbeheergebied 'n vaste beleid deur die Administrateur-generaal bepaal en goedgekeur is, en mits die Administrateur-generaal kragtens regulasie 9 die voorwaardes onderworpe waaraan die permit uitgereik word, bepaal het. | | trol area concerned has been aldi down and approved by the Administrator-General, and provided further tha the conditions subject to which such permit is issued, have been determined by the Administrator-General in terms of regulation 9. | |
| Regulasie 10 | | Regulation 10 | |
| Die verlenging van die tydperk van drie jaar met hoogstens twaalf maande, waarbinne die vergroting, dieper maak, verandering, oopmaak of skoonmaak van 'n boorgat, put of fontein op gesag van 'n permit kragtens regulasie 5 voltooi moet word. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris | Extension of the period of three years by a maximum of twelve months, during which the enlargement, deepening, alteration, opening up or cleaning out of a borehole, well or spring must be completed on authority of a permit issued under regulation 5. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |
| Regulasie 11 | | Regulation 11 | |
| Die uitreiking van 'n skriftelike opdrag aan 'n persoon wat geregtig is om ondergrondse water te gebruik, om 'n boorgat geheel of gedeeltelik te verseël of om enige waterwerk te verander of te herstel of om bykomende waterwerke aan te bou, indien water wat onttrek word nie voordelig gebruik word nie, maar nie die intrekking van 'n reg kragtens regulasie 2 toegeken of 'n permit kragtens regulasie 5 uitgereik nie. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris | Issue of a written direction to a person who is entitled to use subterranean water to seal any borehole partly or completely or to alter or repair any water work or to construct additional water works if water abstracted is not used beneficially, but not the cancellation of a right granted under regulation 2 or a permit issued under regulation 5. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |
| Regulasie 13 | | Regulation 13 | |
| Die uitreiking van 'n permit om 'n waterboormasjien of ander toestel te gebruik om 'n boorgat te maak. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris | Issue of a permit to use a waterboring machine or other apparatus to sink a borehole. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary |

*Bevoegdhede verleen deur Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet 28 van 1966).*

*Powers, vested by Agricultural Credit Act, 1966 (Act 28 of 1966)*

| Kolom 1 | Kolom 2 | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|---|
| Artikel 10(2) | | Section 10(2) | |
| Die aanbeveling van lenings vir waterwerke, bykomende werke om boorgate toe te rus en vir die boor van boorgate met staatsbore of deur private boorkontrakteurs. | Direkteur<br>Adjunk-direkteur<br>Ondersekretaris<br>Beheer-administratiewe Beampte | Recommendation of loans for water works, for additional works to equip boreholes and for the drilling of boreholes with Government drills or by private drilling contractors. | Director<br>Deputy Director<br>Under-Secretary<br>Control Administrative Officer |